DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

10 September 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. M.P. Hendricks**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 30: 1, 3	Sing vooraf	Sb. 15-7: 1, 2 (43)
Sing	Ps. 145: 1, 2, 12	Sing	Ps. 122: 1, 2
	Ps. 102: 11		Ps. 26: 1, 2
	Ps. 79: 4 - 6, 9		Ps. 26: 4, 5
	Ps. 27: 4, 6		
Skriflesing	Genesis 18: 16 - 33	Skriflesing	Matteus 16: 13 - 20 Handelinge 2: 1 - 47 HK Sondag 21 Vraag 54
Teks	Genesis 18: 20 - 23 & 33		
1. Die rede van Abraham se gesprek met God 2. Die inhoud van sy gebed. Wat vra hy? 3. God se antwoord, d.w.s. die vrug op sy gebed		Teks	Matteus 16: 18 - 19
Tema	**God en Abraham se gebedsgesprek**	Tema	**Die kerk is die resultaat van die Seun van God se werk**
Katkisasie-opening: Psalm 40: 4			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Lidmate word herinner om asseblief so gou as moontlik 'n nuwe lidmaatinligting vorm te voltooi en by die kerkkantoor in te handig of per e-pos te stuur na gkbellville@mwebbiz.co.za Kopieë is beskikbaar by die deure, in die konsistorie en in die kerkkantoor. U kan dit ook aflaai vanaf ons gemeente se webblad by www.gkbellville.org
Baie dankie aan almal wat reeds so vinnig reageer het – u samewerking word waardeer!

Lidmate wat altyd die preke vooraf per e-pos ontvang het, moet asseblief ook per e-pos bevestig indien hulle wil voortgaan daarmee.

BASAAR

- Indien daar gemeente-lede is wat 'n onderneming besit en belangstel om produkte by hul eie stalletjie te verkoop, kontak asseblief vir sr. Jana de Bruyn
- Tydskrifte: gebruikte tydskrifte wat steeds in 'n goeie toestand is, kan asseblief ook geskenk word. Dit gaan by die boektafel verkoop word.

Daar is ook plakkate met meer inligting in die teedrinklokaal. Gaan kyk asseblief watter hulp elke stalletjie benodig en bied gerus jou hulp en talente aan. Kom kuier so werk-werk saam met die koördineerders en leer jou mede-lidmate beter ken op 'n lekker informele manier.

BYBELSTUDIE

Bellville - Geen bybelstudie hierdie week, a.g.v. Klassis Boland se sitting by ons kerkgebou.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

GELUKWENSING

Br. Cobus en sr. Anthea du Plessis het Woensdag 'n verbondsdogtertjie van die Here ontvang. Ons dank die Here vir hierdie groot genade.

JEUG

Alle graad 8 tot 25 jariges kom DV volgende Sondagaand na die erediens in die kerkhuis bymekaar. Vir Bybelstudie gaan ons Prediker 1 behandel. Laat weet asseblief teen Vrydag op die *Whatsapp* groep indien jy daar gaan wees. Indien daar iemand is wat nog nie op die groep is nie, kontak asseblief vir sr. Carolien Meijering.

KLIPPIES & LEWENDE STENE

Alle laerskool- en hoërskool kinders is welkom om Vrydag aand van 18h00 tot 20h00 onderskeidelik by die kerkgebou en kerkhuis bymekaar te kom.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Bennie de Koker wat geval en sy been gebreek het. Hy is die afgelope week geopereer en is tans nog in Tygerberghospitaal
- Sr. Miems van Heerden wat die afgelope week 'n suksesvolle skouer-operasie ondergaan het. Sy sterk tans tuis aan.

SANDJIES

Die Sandjies kom DV eerskomende Saterdag om 10h00 bymekaar in die kerkhuis. Ons gaan lekker saam speel en meer leer oor Psalm 23. Kontak sr. Willina Cilliers vir meer inligting.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag ontvang ons 'n groep kinders van Laerskool de Waveren op ons kerkterrein.

SMULFEES

Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het tot die groot sukses van die geleentheid. Dit was baie gesellig!

3. SUSTERS

KLASSIS BOLAND

Die 63ste sitting van Klassis Boland vergader DV Dinsdag, 12 September by ons kerkgebou. **Ons benodig asseblief hulp tydens die bediening van tee/koffie en maaltye**. Die lyste is in die teedrinklokaal aangebring. Kyk asseblief in watter tydgleuf u kan kom help.

MAANDVERGADERING

Alle susters word hartlik uitgenooi na ons vergadering op **Woensdag, 20 September** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Die wyke verantwoordelik vir die aand se verrigtinge is: **Durbanville 2** en Monte Vista.

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Parowvallei** (Debbie Daling), Boston 2 (Marika Momberg) en Blouberg (Nicolette van der Walt)
Volgende Sondag: Wyke **Blouberg** (Nicolette van der Walt), Stellenryk (Bianca Myburgh) en Brackenfell (Istelle Costerus)

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Herman Boneschans, Jaco Coetsee, Stefan Bezuidenhout, **Ferdinand Hoffman**
Volgende week: Brs. Jeanré Taljaard, Eduard Roos, Piet Reynecke, Dewald Costerus

Ouderlinge
Vandag: Brs. Mark Lyons, Cassie Bester, Niël van Hoving, Gert Mulder
Volgende week: Brs. Jacobus Venter, Jakobus Wüst, Jaco Cilliers, Elzar Wendt

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Ruhan Coetzee, Lawrence Lombard
Volgende week: Brs. Llen Labuschagne, Marten Daling

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

September: 18/09 Brackenfell
Oktober: 09/10 Table View, 16/10 Kuilsrivier, 30/10 Gordonsbaai
November: 13/11 Blouberg, 27/11 Welgelegen

KLASSIS BOLAND

Ds. Coen Vrey en oudl. Ben Groot is na Klassis Boland afgevaardig wat eerskomende Dinsdag vergader.

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Kinderhuise in kerkverband	Diakonale Kas
By die deure:	Instandhouding van eiendomme	Ekumenisiteit (Londen)

VAN DIE DIAKONIE

Graag wil die diakonie dit onder die gemeente se aandag bring dat die gevalle binne die gemeente waar versorging benodig word oor die afgelope paar maande wesenlik toegeneem het. Addisioneel tot die versorging binne die gemeente, wil die diakonie ook steeds voortgaan met die maandelikse skenkings aan die kinderhuise in kerkverband. Dus wil ons graag lidmate aanspoor tot daadwerklike samelewing in die vorm van bydraes aan die diakonale kas, ten einde die diakonie in staat te stel om sy opdragte na wense te kan uitvoer. Verwante bydraes moet asseblief spesifiek vir die diakonie gemerk word. Vir verdere navrae kontak gerus br. Cobus du Plessis of br. Reinard Visser.

Donasie van huishoudelike produkte en nie-bederfbare kos
Om die finansiële las verder te verlig, vra ons dat lidmate ook skenkings sal maak van huishoudelike produkte (bv. skoonmaakmiddels en toiletware), asook nie-bederfbare kos. Donasies kan in die gemerkte houer in die kombuis geplaas word.

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus
Vanaand na die aanderediens in die konsistorie
Basaarkomitee
Vanaand na die aanderediens in die kerkgebou
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Jacqueline Meijering
11/09	Br. André Coetzee
13/09	Br. Henri Liebenberg
14/09	Sr. Annamarie Hannabus
15/09	Br. Johan Snyman
16/09	Sr. Carlien Coetsee

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org		https://www.facebook.com/gk.bellville

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za